

UITDAGINGS VIR DIE AFRIKAANSE HISTORIKUS*

J S Bergh
Universiteit van Pretoria

SUMMARY

Challenges to the Afrikaans historian

The Afrikaans historian is faced with important challenges today. This is clear from the serious criticism of his historical writings, conduct and attitudes. Two of the most central points of criticism are his inability to acquaint himself sufficiently with the latest trends in international historiography, and his biased focus only on the white man's role in South African history.

The Afrikaans historian is to a large extent still loyal to the Rankean tradition which dates back to the 19th century. As a result of this he places too much emphasis on mere political events. Important history-making processes, such as social and economic factors, do not receive sufficient attention. On the other hand, English-speaking historians in South Africa have, because of their strong language, cultural and academic ties abroad, been more aware of new trends in their historical writings. During the last few years some Afrikaans historians have been reacting positively to this by having in-depth discussions about the situation. This does not mean that the Afrikaans historian has to follow slavishly everything coming from abroad, nor that he should sacrifice the autonomous character of his discipline. However, dialogue and debate bring clarity and reassessment of aims and principles.

Afrikaans historiography is also accused of bias in favour of the whites, and of not doing justice to the role of people of colour in South African history. The history of the whites can only be properly understood within the context of the history of all the peoples of South Africa. For this reason some Afrikaans historians have pleaded for a new approach, *inter alia* by writing general historical works of South Africa that will give a rightful place to both whites and non-whites. "Integrated" historical works have in any case become a reality. The Afrikaans historian has a choice. Either he plays no role or, with his insight and perspective, makes a positive contribution.

Inleiding

Geskiedskrywing word reeds vir duisende jare bedryf. Tog is Geskiedenis as 'n selfstandige akademiese dissipline eers teen die begin van die 19de eeu gevestig. Hierin het die Duitse historici Barthold Niebuhr (1776–1831) en veral Leopold von Ranke (1795–1886) 'n leidende rol gespeel. Vir baie lank het die Rankeaanse tradisie wat hieruit voortgespruit het, die geskiedskrywing oorheers. Dié skool se hermeneuties-individualiserende benadering met sterk klem op hoofsaaklik politieke gebeurtenisse, het egter in die loop van die 19de eeu verwydering gebring tussen die geskiedeniswetenskap en die sosiale wetens-

*In sy oorspronklike vorm is hierdie artikel op 23.4.1987 gelewer as intrede met die aanvaarding van die departementshoofskap van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

kappe met hul meer generaliserende benadering. Eers teen die einde van die 19de eeu en in die loop van die 20ste eeu het 'n lewendige debat ontstaan oor vernuwing in die geskiedeniswetenskap en die rol wat sosiale wetenskappe hierin moet speel. Dit het 'n verryking en verbreding van die geskiedeniswetenskap tot gevolg gehad. So byvoorbeeld het die Annalesskool in Frankryk, met sy sogenaamde strukturele benadering, soveel opgang gemaak dat dit tans groot prominensie geniet. Dié vernuwingsbeweging het ook in ander Westerse lande neerslag gevind.¹ Suid-Afrika, en veral Afrikaanse historici, is nie in dieselfde mate hierdeur beïnvloed nie. Dit bied dus 'n besondere uitdaging vir die Afrikaanse historikus van vandag. Daarbenewens moet Suid-Afrikaanse geskiedskrywing ook reg laat geskied aan ons land se plurale samelewing.

Wetenskaplike geskiedskrywing in Afrikaans is 'n relatief onlangse verskynsel. Nie een van die Afrikaanse geskiedeniswerke wat in die 19de eeu verskyn het, kan aanspraak maak op wetenskaplikheid of objektiwiteit nie. Eers met die instelling van volwaardige Geskiedenisdepartemente aan Afrikaanse universiteite is geskiedskrywing op 'n wetenskaplike peil geplaas. Die eerste hoogleraar in geskiedenis aan 'n Afrikaanse universiteit was die Nederlander prof E C Godée-Molsbergen wat in 1904 aan die Universiteit van Stellenbosch aangestel is. Hy is opgevolg deur prof. W. Blommaert, 'n Vlaming uit België. Daarna het verskeie Afrikaanse historici wat in Suid-Afrika gebore, maar in die buiteland opgelei is, gevolg. Aan die Universiteit van Pretoria het prof. Leo Fouché sedert 1908 die eerste leerstoel in Geskiedenis beklee en is opgevolg deur professore I D Bosman (1935), A N Pelzer (1947), F J du T Spies (1970) en F A van Jaarsveld (1972).² Vandag is daar nie meer aan een Afrikaanse universiteit 'n professor in Geskiedenis wat sy opleiding hoofsaaklik in die buiteland ondergaan het nie. Enersyds dui dit op die volwassewording van ons eie Geskiedenisdepartemente. Andersyds het daar egter 'n waardevolle kanaal waardeur die Afrikaanse geskiedskrywing deur die Europese historiografie verryk is, verlore gegaan.

Veral die afgelepe paar jaar het verskeie historici skerp kritiese uitsprake oor die Afrikaanse geskiedskrywing gemaak en belangrike leemtes aangetoon. Dit behoort elke Afrikaanse historikus se ernstige aandag te geniet.³ Na aanleiding hiervan sal sommige van die belangrikste punte van kritiek bespreek word en, voortvloeiend daaruit, maniere waarop die Afrikaanse historikus op hierdie uitdagings kan antwoord. Hierdie ondersoek is nie 'n sistematiese verkenning en evaluering van alle Afrikaanse wetenskaplike historiese werke nie. Die bronne wat gebruik is, is belangrike evaluerings en menings van die afgelepe ongeveer twintig jaar oor die Afrikaanse historiografie.

As basis vir bespreking word die bekende algemene geskiedeniswerk *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, en die reaksie en kommentaar daarop, geneem. Hierdie

F.A. van Jaarsveld: *Moderne Geskiedskrywing. Opstelle oor 'n nuwe benadering tot geskiedenis*, (Durban/Pretoria, 1982), pp. 1–41; A. Marwick: *The Nature of History*, (Hong Kong, 1984), pp. 27 et seq; H.E. Barnes: *A History of Historical Writing*, (New York, 1963), pp. 239 et seq; F.A. van Jaarsveld: *Westerse Historiografie en Geskiedenisfilosofie*, (Pretoria/Kaapstad, 1980).

2. F.A. van Jaarsveld: *Die Afrikaners se Groot Trek na die Stede en ander Opstelle*, (Johannesburg, 1982), pp. 226–231; *Ad Destinatum*, Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria, (Johannesburg, 1960), pp. 112–113.
3. B.A. le Cordeur: *The Reconstruction of South African History* (*South African Historical Journal*, November 1985), pp. 2–3; *Die Burger*, 27.08.1982 (C.C. Saunders — Redakteur: Geleerde is nie 'n radikaal genoem); J. du Bruyn: F.A. van Jaarsveld — en 'n nuwe Afrikaanse geskiedskrywing? (*Kleio XVI*, 1984), p. 65; A. Odendaal: Review article on Wie en wat is die Afrikaner? (*Kleio XVI*, 1984), pp. 122–123; B.J. Liebenberg: Omstrede Suid-Afrikaanse verlede — 'n omstrede boek deur 'n omstrede skrywer (*Kleio XVII*, 1985), p. 106; F.A. van Jaarsveld: *Moderne Geskiedskrywing*, p. 115.

werk het die eerste keer in 1968 onder redakteurskap van prof C F J Muller verskyn. Dit kan met reg beskou word, in die woorde van prof N G Garson, "... as a sample of modern Afrikaans historiography ..."⁴ teen die einde van die jare sestig. Die redakteur en die meeste medewerkers van *Vyfhonderd Jaar* was immers reeds op hierdie stadium gereken as hoogaangeskrewe Afrikaanse historici. Slegs twee van die medewerkers was Engelssprekend. Muller self kan beslis beskou word as een van die mees gerespekteerde en ervare Afrikaanse geskiedskrywers van ons tyd. Sy doelgerigheid en toegewydheid, sy noukeurigheid en, volgens B J Liebenberg, die "objektiewe gees waarin hy die verlede benader",⁵ was nog altyd 'n voorbeeld om na te strew.

Ander faktore wat *Vyfhonderd Jaar* baie geskik maak om as uitgangspunt te gebruik, is die gewildheid daarvan tot op die huidige dag, veral as voorgeskrewe werk by Afrikaanse kampusse. Die werk het reeds drie uitgawes en talle herdrukke beleef. Die drie uitgawes het vir die skrywers die moontlikheid geskep om dit van tyd tot tyd te hersien, te vernuwe en by te werk aan die hand van kommentaar en kritiek, en aan die hand van die nuwe vraagstelling aan die verlede in ons tyd.

'n Verdere belangrike gebeurtenis is die feitlik gelyktydige verskyning van die eerste band van *The Oxford History of South Africa* onder redakteurskap van professore L M Thompson en M Wilson in 1969. Dit het aanleiding gegee tot interessante vergelykende resensies van die twee werke. Omdat *Vyfhonderd Jaar* ook in Engels uitgegee is, is dit verder deur buitelandse resensente beoordeel — iets wat min gebeur met werke uit die pen van Afrikaanse historici.

'n Wye verskeidenheid resensente het uiteenlopende evalueringe van die eerste uitgawe van *Vyfhonderd Jaar* gegee. Ten minste drie buitelandse historici het dit in 1969 en 1970 in buitelandse tydskrifte bespreek, te wete prof. W P Coolhaas van Nederland, dr Shula Marks van die Universiteit van Londen en dr Martin Legassick van die Universiteit van Kalifornië.⁶ Op die Suid-Afrikaanse front was die mees prominente resensies waarskynlik dié van prof N G Garson van die Universiteit van die Witwatersrand, dr O Geyser van die Randse Afrikaanse Universiteit (later professor aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat), dr C de Jong van die Universiteit van Suid-Afrika (later professor), mnr J F Preller, latere direkteur van die Suid-Afrikaanse Staatsargiefdiens en dr J Ploeger, staatshistorikus.⁷

Geyser, Preller en Ploeger was die enigstes wat geen belangrike punt van kritiek teen *Vyfhonderd Jaar* gehad het nie.⁸ Vir Geyser was hierdie boek trouens "'n besondere insiggewende standaardwerk" wat volgens sy oordeel 'n groot leemte in Suid-Afrikaanse geskiedskrywing sou vul.⁹ Ploeger het weer geoordeel dat dit "een van die beste werke is

4. N.G. Garson: Review article — Five Hundred Years ... (*Kleio*, June 1970), p. 1.

5. B.J. Liebenberg: Professor C.F.J. Muller as historikus (*Kleio* XII, 1980), p. 7.

6. W.P. Coolhaas: Twee nuwe werke over de geschiedenis van Zuid-Afrika (*Zuid-Afrika*, Volume 46, 1969), pp. 166—169; S. Marks: African and Afrikaner History (*Journal of African History* XI, Volume 3, 1970), pp. 435—447; M. Legassick: Review article — Five Hundred Years ... (*African Historical Studies*, Volume III, 1970, Nr 2), pp. 491—496.

7. N.G. Garson: Review article — Five Hundred Years ... (*Kleio*, June 1970), pp. 1—2; O. Geyser: Besprekingsartikel van Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, September—Desember 1968), pp. 409; C. de Jong: 'n Nuwe Geskiedenis van die witmense in Suid-Afrika (*Nieuws uit Zuid-Afrika*, Augustus 1968), pp. 10—11; J.F. Preller: Besprekingsartikel van 500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis (*Historia*, Junie 1968), pp. 126—127; J. Ploeger: Besprekingsartikel van Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis (*Commando*, September 1968), p. 35.

8. O. Geyser: *op. cit.*, p. 409; J.F. Preller: *op. cit.*, pp. 126—127; J. Ploeger: *op. cit.*, p. 35.

9. O. Geyser: *op. cit.*, p. 409.

wat sedert die afgelope jare in ons land verskyn het."¹⁰ Die feit dat slegs Afrikaanse resensente geen belangrike leemtes of tekortkominge uitgewys het nie, is moontlik 'n verdere aanduiding van die aanvaarbaarheid van *Vyfhonderd Jaar* onder Afrikaanse historici op daardie tydstep.

Kritiek teen die einde van die jare sestig

Die sterkste punt van kritiek deur die meeste ander resensente, was die blanksentriese uitgangspunt van die boek, en veral die wyse waarop dit toegepas word in die geskiedskrywing. In die inleiding van *Vyfhonderd Jaar* is naamlik spesifiek genoem: "Hier word die verhaal vertel van die doen en late van die Witman in Suid-Afrika oor bykans 'n half-millennium" ten einde vas te stel "(h)oe het dit gebeur dat so 'n handjievol Blankes so 'n magsoosisie verwerf het ..."¹¹ Shula Marks, een van die skerpste kritici van die boek, het in beginsel nie fout daarmee gevind dat die skrywers vir hulself so 'n opdrag geformuleer en afgegrens het nie, maar sy het ernstige besware gehad teen die uiteindelijke resultaat daarvan. Sy het dit soos volg gestel: "This is in itself a perfectly legitimate undertaking — provided the attempt does not claim, as this one does, to be a history of South Africa ...; and provided also that it does not falsify the activities and experiences of the white man by misconstruing his relationship with the other inhabitants in this country and their relationship with one another."¹² Marks se standpunt was dat die geskiedenis van die blankes slegs na behore begryp sou kon word binne die raamwerk van die geskiedenis van al die mense van Suid-Afrika. Sy het ook die twintig-bladsy-bylaag deur die linguis, prof D Ziervogel, waarin die geskiedenis van die swartman saamgevat is, onaanvaarbaar, paternalisties en onakkuraat gevind. Verder het sy daarop gewys dat, afgesien van hierdie bylaag, die teks hoofsaaklik negatiewe verwysings na die swartman bevat het, soos wanneer hulle probleme vir die blankes sou veroorsaak het of dat hulle rusteloos, brutaal en opstandig sou wees.¹³ Legassick het hierdie beswaar selfs nog sterker beklemtoon.¹⁴ Hierteenoor het Marks die *Oxford History* as 'n belangrike deurbraak beskou: "No previous history of South Africa has looked at the history of all its peoples ..."¹⁵ Die uitgangspunt van hierdie werk was, soos in die inleiding uiteengesit, dat "... the central theme of South African history is interaction between people of diverse origins, languages, technologies, ideologies, and social systems ..."¹⁶

Hoewel Coolhaas, Garson en De Jong nie heeltemal so skerp te velde getrek het teen die blanksentriese benadering van *Vyfhonderd Jaar* nie, het hul standpunte breedweg met dié van Marks en Legassick ooreengestem.¹⁷ In *Vyfhonderd Jaar* is aangevoer dat daar nie voldoende betroubare inligting oor die geskiedenis van die gekleurdes bestaan nie, veral oor die vroeë geskiedenis.¹⁸ De Jong was van mening dat die probleme verbonde aan die benutting van mondelinge oorleweringe nie daartoe aanleiding moes gee dat die historikus dit glad nie gebruik nie.¹⁹

10. J. Ploeger: *op. cit.*, p. 35.

11. C.F.J. Muller (red.): *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, (Pretoria, 1968), pp. xi en xii.

12. S. Marks, *op. cit.*, p. 435.

13. S. Marks: *op. cit.*, pp. 435—437.

14. M. Legassick: *op. cit.*, pp. 492, 493—495.

15. S. Marks, *op. cit.*, p. 447.

16. M. Wilson and L.M. Thompson: *The Oxford History of South Africa I*, (Oxford, 1969), p. v.

17. N.G. Garson: *op. cit.*, W.P. Coolhaas: *op. cit.*, C. de Jong: *op. cit.*.

18. C.F.J. Muller: *op. cit.*, p. xii.

19. C. de Jong: *op. cit.*, p. 10.

In aansluiting by die beswaar van blanksentrisiteit was Coolhaas, De Jong en Marks ook van mening dat *Vyfhonderd Jaar* Afrikanersentries is — volgens Coolhaas 'n werk van Arikanerhistorici oor die geskiedenis van die Afrikaners.²⁰ Hiermee het Garson,²¹ en in 'n groot mate ook Legassick,²² egter verskil en die mening uitgespreek dat dit nie meer soseer Afrikanersentries is nie, maar dat die fokus hierin eerder val op die blanke in die algemeen.

Nog 'n aspek wat die resensente van *Vyfhonderd Jaar* uitgewys het, was die oorbeklemtoning van politieke, staatkundige en soortgelyke aangeleenthede ten koste van veral ekonomiese en sosiale faktore, maar ook ander faktore soos die demografiese, geografiese en antropologiese. Coolhaas het beweer dat Suid-Afrikaanse historici, en in hierdie verband veral die skrywers van *Vyfhonderd Jaar*, die vernuwing in die internasionale geskiedskrywing by hulle verby laat gaan het. Hy het gewys op die belangrike invloed van die sogenaamde strukturele benadering van die Franse Annalesskool. Hierdie skool het die klem laat val op die ontleding van geskiedenis aan die hand van die dieperliggende kragte in 'n maatskappy of samelewing wat verandering veroorsaak, terwyl politieke geskiedskrywing gedegredeer is tot oppervlakte- of gebeurtenisgeskiedenis.²³ Legassick het dit weer sterk beklemtoon dat werklike insig nie verkry kon word deur net te konsentreer op wat hy genoem het "policy making by elites" nie. Kennis moes ook geneem word van die meer ingewikkelde geskiedenis makende prosesse, soos sosiale en ekonomiese prosesse en die geskiedenis van die gewone mense. Vir hom was twee van die mees dinamiese konsepte en kragte van die 20ste eeu dié van klas en ras.²⁴ Marks het ook in haar kritiek op *Vyfhonderd Jaar* hierby aansluiting gevind: "It is ... on the socio-economic level that the book is at its weakest. As a result, many of the crucial questions in South African history are ignored or passed over in one or two sentences."²⁵ Ook De Jong was van mening dat onvoldoende insig in ekonomiese faktore soms tot foutiewe gevolgtrekkings gelei het.²⁶ Marks het selfs geoordeel dat bloot op politieke vlak ernstige gebreke voorgekom het — volgens haar onder meer "old-fashioned political narrative" en naïewe, onkritiese en verouderde interpretasies en 'n onvermoë om dieperliggende motiewe te ontbloot.²⁷

Coolhaas het nog twee verdere leemtes van *Vyfhonderd Jaar* bespreek. Een beswaar was dat die Suid-Afrikaanse geskiedenis te geïsoleerd beskryf is en nie teen die breër internasionale agtergrond geïnterpreteer is nie. De Jong het nog 'n stap verder gegaan deur daarop te wys dat vergelykings tussen Suid-Afrika en ander lande ten opsigte van sekere aangeleenthede baie verhelderend en verbredend kon wees. As gevolg van die geïsoleerde geskiedskrywing in *Vyfhonderd Jaar* is, volgens hom, soms eensydige en foutiewe gevolgtrekkings gemaak.²⁸

Coolhaas se laaste punt van kritiek was die geneigdheid by baie Afrikanerhistorici om historiese uiteensettings en ontledings vol te pak met oormatige en onnodige detail. Hy het wel toegegee dat dit nie in al *Vyfhonderd Jaar* se hoofstukke gebeur nie. Terwyl die historici gewoonlik deeglike en omvattende navorsing doen, is hulle nie altyd ewe bedrewe

20. W.P. Coolhaas: *op. cit.*, p. 166; C. de Jong: *op. cit.*, p. 10; S. Marks: *op. cit.*, pp. 437–439.

21. N.G. Garson: *op. cit.*, p.1.

22. M. Legassick: *op. cit.*, p. 491.

23. W.P. Coolhaas: *op. cit.*, pp. 166–167; F.J. du T. Spies: *Leemtes in die Suid-Afrikaanse Geskiedskrywing (Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, November 1971)*, pp. 83–84.

24. M. Legassick, *op. cit.*, pp. 495–496.

25. S. Marks: *op. cit.*, p. 438.

26. C. de Jong: *op. cit.*, p. 10.

27. S. Marks: *op. cit.*, pp. 437–438.

28. W.P. Coolhaas: *op. cit.*, p. 167; C. de Jong: *op. cit.*, p. 10.

met sintesevorming nie. Die breë lyne van 'n tema wat sterk beklemtoon moet word en rigting moet gee, word dikwels versluier deur gegewens wat in sigself interessant en selfs belangrik is, maar nie in die skema inpas nie — so al asof die skrywer nie afstand wil doen van dit wat met moeisame argief- of ander navorsing bymekaar gemaak is nie, selfs al moet dit by die hare ingesleep word!²⁹

Die voorgenoemde kritiek teen *Vyfhonderd Jaar* kan in 'n mate in perspektief geplaas en geëvalueer word deur dit te vergelyk met resensies van die tydgenootlike publikasie *The Oxford History of South Africa, Volume I*. Baie van die resensente het groot waardering gehad vir *Oxford History* se benadering om weg te breek van sy voorgangers se tradisioneel blanksentriese uitgangspunt³⁰ en sy poging, alhoewel nie altyd suksesvol nie, tot interdisiplinêre samewerking.³¹ Min historici sal ook vandag met die standpunt verskil dat *Oxford History* 'n belangrike vernuwende invloed op die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing uitgeoefen het.³² Dit val egter nie binne die bestek van hierdie uiteensetting om hierby stil te staan nie. Nogtans het dit uit 'n ontleding van kommentaar op hierdie werk duidelik geword dat dié kritiek deels ooreenstem met van die kritiek wat teen *Vyfhonderd Jaar* uitgespreek is. Dit temper ongetwyfeld die felheid van sommige van die uitsprake van resensente ten opsigte van *Vyfhonderd Jaar* en laat vertoon dié werk gunstiger. Nogtans hef dit nie die geldigheid van die punte van kritiek op nie. Dit word trouens ook bevestig in die belangwekkende artikel van prof F.J. du T. Spies, "Leemtes in die Suid-Afrikaanse Geskiedskrywing", wat in 1971 verskyn het. Spies het hierdie artikel geskryf na aanleiding van Coolhaas se kritiek op *Vyfhonderd Jaar*. Hoewel Spies begrip gevra het vir die leemtes en dit teen die agtergrond van die Suid-Afrikaanse geskiedenis verduidelik het, het hy toegegee dat hierdie tekortkominge in ons geskiedskrywing bestaan. Hy het trouens self nog 'n paar verdere leemtes ten opsigte van Suid-Afrikaanse geskiedskrywing in die algemeen aangedui en optrede bepleit om dit reg te stel.³⁴

Uitdagings en reaksie

Die voorgenoemde punte van kritiek verdien met reg die aandag en besorgdheid van elke Afrikaanse historikus wat sy vak met erns en toewyding benader en wil toesien dat hulle nie as groep afgegradeer word na 'n tweede liga nie. Daarom is dit belangrik dat kritiese opmerkings soos die onlangse tipering van die Afrikaanse historiografie as eng, bekrompe en onsinnig³⁵ grondig ondersoek sal word. Dit moet as aansporing dien om met openheid en eerlikheid te dissekteer, te diagnoseer en die nodige medisyne met vasberadenheid en flinke spoed toe te dien. In die beperkte bestek van hierdie uiteensetting sal kortliks aandag gegee word aan die beskuldiging van die oorbeklemtoning van politieke geskiedenis.

29. W.P. Coolhaas, *op. cit.*, p. 167.

30. S. Marks: *op. cit.*, pp. 440, 447; W.P. Coolhaas, *op. cit.*, pp. 168–169.

31. C.F.J. Muller: 'n Radikale siening van ons verlede (*Kleio*, Oktober 1970), p. 4; N.G. Garson: South African History; A New Look (*African Studies*, Volume 29, Nr. 4, 1970), pp. 289, 292); S. Marks: *op. cit.*, pp. 441, 447; W.P. Coolhaas: *op. cit.*, pp. 168–169.

32. J.T. du Bruyn: F.A. van Jaarsveld: Afrikanerhistorikus en Vernuwer (*Historia*, Mei 1982), p. 63.

33. N.G. Garson: South African History; A New Look (*African Studies*, Volume 29, Nr. 4, 1970), pp. 287, 289–290, 292; S. Marks: *op. cit.*, pp. 441, 445; W.P. Coolhaas: *op. cit.*, p. 169; W.P. Coolhaas: De Geschiedbeoefening in Zuid-Afrika (*Zuid-Afrika*, Volume 48, No 1, Januarie 1971), p. 11; C.F.J. Muller: 'n Radikale siening van ons verlede (*Kleio*, Oktober 1970), pp. 1–4; F.A. van Jaarsveld: Vergruisde of Vertekende Beeld? (*Standpunte*, Augustus 1969, pp. 1–21).

34. F.J. du T. Spies: *op. cit.*, pp. 83–92.

35. C.C. Saunders: *op. cit.*

Daarna sal die sogenaamde blanksentrisiteit van die Afrikaanse geskiedskrywing ontleed word, asook die uitdagings wat dit aan Afrikaanse historici stel.

Die werkswyse wat gevolg is, was om eers na te gaan in watter mate Afrikaanse historici wel in die afgelope 16 tot 19 jaar op die genoemde beskuldigings gereageer het. Aan die hand daarvan is verdere uitdagings geformuleer. Boekbesprekings en tersaaklike artikels is as die vernaamste bronne gebruik, hoewel daar ten opsigte van sommige aangeleenthede ook omvangryker publikasies in oënskou geneem is.

As vertrekpunt is gebruik gemaak van prof Coolhaas se resensies van publikasies in die Argiefjaarboekreeks gedurende die sewentigerjare. Hierdie moeisame en selfopgelede taak is na sy dood voortgesit deur dr Gerrit Schutte van die Vrije Universiteit in Amsterdam. Omdat meer as twee derdes van die bydraes in die Argiefjaarboekreeks van Afrikaanse historici is, bied dit terselfdertyd ook 'n goeie aanduiding van tendense, ontwikkelinge en tekortkominge in die Afrikaanse historiografie. Dit moet egter in ag geneem word dat hierdie bydraes meesal goedgekeurde verhandelinge en proefskrifte is wat dikwels "verouderd" is teen die tyd dat dit verskyn. Veral in die sewentigerjare was daar aansienlike verdragings met publikasie. Dit is miskien deels die rede waarom Coolhaas tot en met sy laaste resensie in 1979 nie melding gemaak het van 'n noemenswaardige verandering of progressie nie. Coolhaas het in dié tyd in 'n groot mate dié probleme wat reeds ten opsigte van *Vyfhonderd Jaar* uitgewys is, herbevestig en uitvoerig van kommentaar en voorbeelde voorsien.³⁶

Coolhaas het in 1971 ook daarop gewys dat daar in daardie stadium nie doeltreffende kanale bestaan het waardeur die vernuwung in die buitelandse historiografie die Afrikaanse geskiedskrywing kon bevrug nie. Afrikaanse werke is selde of ooit in die buiteland geresenseer — selfs Nederlandse vaktydskrifte het toe reeds 'n ruk tevore daarmee opgehou. Nuwe buitelandse boeke van metodologiese belang het ook nie die nodige aandag in Suid-Afrikaanse vaktydskrifte gekry nie.³⁷ Coolhaas het hoofsaaklik verwys na die afwesigheid van die vernuwende invloed van die Franse Annalesskool op die Afrikaanse geskiedskrywing. Afrikaanse historici het in die jare sewentig egter nog 'n geleentheid verby laat gaan om hul horisonne te verbreed. Aanvanklik het hulle nie in gesprek probeer tree of debat probeer voer met die nuwe prominente rigting in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing,³⁸ die sogenaamde radikale skool van geskiedskrywing met sy klasse-analise-benadering wat ook wegbeweeg het van streng politieke geskiedskrywing nie.³⁹ In die eerste paar jaar nadat hierdie historici baie aktief tot die geskiedskrywing van Suid-Afrika toegetree het, het 'n indringende en lewendige diskussie net tussen hulle en die

-
36. W.P. Coolhaas se resensies van Argiefjaarboeke in *Zuid-Afrika*, Volume 48, No 1, Januarie 1971, pp. 10–13; Volume 48, No 2, Februarie 1971, pp. 28–29, 32; Volume 48, No 6–7, Junie/Julie 1971, pp. 90–91; Volume 48, No 8, Augustus 1971, p. 106; Volume 48, No 9, September 1971, pp. 122–123; Volume 50, No 2, Februarie 1973, p. 27; Volume 52, No 12, Desember 1975, pp. 160–161; Volume 56, No 7–8, Julie/Augustus 1979, pp. 107–108, 110; Volume 56; September 1979, No 9, pp. 124–125; en G.J. Schutte se resensies in *Zuid-Afrika* Volume 59, No 6, Junie 1982, pp. 87–88; Volume 61, No 6, Junie 1984, pp. 92–93; Volume 63, No 3, Maart 1986, pp. 42–43.
37. W.P. Coolhaas: *De Geschiedbeoefening in Zuid-Afrika* (*Zuid-Afrika*, Volume 48, No 1, Januarie 1971), pp. 10–11 en Volume 48, No 2, Februarie 1971, p. 32).
38. Vergelyk byvoorbeeld die tweejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging te Durban in 1981.
39. F.A. van Jaarsveld: *Omstrede Suid-Afrikaanse Verlede en die historiese skuldvraagstuk*, (Johannesburg/Kaapstad, 1984), pp. 74 en verder; F.A. van Jaarsveld: *Moderne Geskiedskrywing*, pp. 127–128.

sogenaamde liberale skool van geskiedskrywing gevolg.⁴⁰

In die laaste paar jaar het dit veral ook duidelik geword dat Engelstalige universiteite baie vinniger as Afrikaanse universiteite wegbeweeg van tradisionele temas by die toekenning van nuwe navorsingsonderwerpe vir magister- en doktorsale dissertasies. 'n Onlangse ondersoek aan die Universiteit van Kaapstad het byvoorbeeld getoon dat daar in die laaste ongeveer vyf jaar 'n skerp toename was in sosiale geskiedenisonderwerpe in die departemente Geskiedenis, Ekonomiese Geskiedenis en Afrikastudies.⁴¹ Hierteenoor is Afrikaanse historici onlangs aangespreek omdat hulle nog baie min ten opsigte van sosiale geskiedenis vermag het.⁴² Hoewel Suid-Afrikaanse historici in die algemeen meer behoort te doen ten opsigte van die belangrike en sentrale temas van verstedeliking, is dit weer eens die Engelse universiteite wat meer daaromtrent doen.⁴³

Die Afrikaanse historikus wat in die afgelope twee tot drie dekades die sterkste na vore getree het as pleitbesorger vir vernuwing in die Afrikaanse historiografie was prof F.A. van Jaarsveld. Sy rol as vernuwer en hervertolker van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing dateer terug tot die jare vyftig. Hy het voortdurend leemtes aangetoon en die Afrikaanse historikus aangespoor om rekening te hou met die eise van sy tyd. Hy het hom beywer vir die verbreding van die tematiek en het die belangrikheid van kennis van die metodes van aanverwante dissiplines en die moontlikheid van interdissiplinêre samewerking beklemtoon. Reeds in 1961 het hy daarop gewys dat ekonomiese en verstedelingsgeskiedenis nie tot hul reg kom nie. Van Jaarsveld het egter ook breër gekyk as die plaaslike geskiedskrywing en sy kennis van strominge in die Europese historiografie weer in Suid-Afrika teruggeploeg.⁴⁴ In twee opstelbundels wat in 1981 en 1982 verskyn het⁴⁵ het hy opnuut sy kommer uitgespreek oor veral die stand van Afrikaanse geskiedskrywing. Vir hom was 'n verandering in die Afrikaner se geskiedenisbeeld nodig, met nuwe benaderings en metodes. Die Rankeaanse tradisie met sy sterk neiging tot politieke gebeurtenisse het verouderd voorgekom in hierdie vernuwingsproses waar ook aandag gegee moet word aan interdissiplinêre samewerking. Nuwe bronne moes ontgin word, met groter klem op die gewone man en alledaagse menslike ervarings.⁴⁶

Verskeie historici het daarop gewys dat die Afrikanerhistorikus nou voor 'n krisis te staan gekom het. Terwyl baie reeds in beginsel die noodsaak gesien het om afstand te doen van hul tradisionele Afrikanernasionalistiese benadering en die streng Rankeaanse werkswyse, het min in die praktyk die nuwe metodologie en benaderings toegepas. Sels Van Jaarsveld is daarvan beskuldig dat hyself nie genoegsaam toepas wat hy bepleit nie en dat ook hy nie daarin geslaag het om die vernuwende invloed by sy studente te laat neers-

40. H.M. Wright: *The burden of the present — liberal-radical controversy over Southern African history*, (Cape Town/London), 1977.

41. L.T. Jones: Social History and the need to reinterpret sources (*S.A. Archives Journal*, Volume 28, 1986), pp. 4—10).

42. A.M. Grundlingh: Sosiale geskiedenis en die problematiek in Afrikaner-geskiedskrywing (Geskiedenisvakindaba, RAU-eiland, 24—26 Oktober 1986).

43. P. Smit: Historiese grondslae van Swart verstedeliking in Suid-Afrika (Elfde Tweejaarlikse Konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging, Stellenbosch, 20—23 Januarie 1987).

44. J.T. du Bruyn: F.A. van Jaarsveld: Afrikanerhistorikus en Vernuwer (*Historia*, Mei 1982, pp. 56—57, 60, 62—64); J. du Bruyn: F.A. van Jaarsveld — en 'n nuwe Afrikaanse geskiedskrywing? (*Kleio XVI*, 1984, p. 72).

45. F.A. van Jaarsveld: *Wie en wat is die Afrikaner?*, (Kaapstad, 1981) en *Moderne Geskiedskrywing*.

46. P.H. Zietsman: Boekbespreking van *Moderne Geskiedskrywing* (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Jaargang 24, No 1, Maart 1984, pp. 86—87); J.T. du Bruyn: F.A. van Jaarsveld — en 'n nuwe Afrikaanse geskiedskrywing? (*Kleio XVI*, 1984), pp. 65—72; A. Odendaal: *op. cit.*, pp. 121—122.

lag vind nie. Van die jonger historici het in hierdie omstandighede begin aandring op meer daadwerklike optrede sodat woorde in daede omgesit kon word. Historici wat wel vernuwend te werk gaan, moet ook eerder aangemoedig as veroordeel word.⁴⁷

Dit is teen hierdie agtergrond dat sommige Afrikaanse historici in die vroeë jare tagtig die inisiatief geneem het om gesprek oor die liberaal-radikale debat aan te wakker⁴⁸ sodat die Afrikaanse historikus nie in hierdie debat irrelevant sou word en op die kantlyn sou bly sit nie. Hierdie debat en die groterwordende invloed van die Annalesskool het die besef laat posvat dat die vak Geskiedenis in 'n sekere mate onder die invloed van die sosiale wetenskappe en hul metodologie gekom het. Dit het die Afrikaanse historikus wat nog in die ou skool van politieke geskiedskrywing opgelei is, voor 'n groot dilemma geplaas.⁴⁹

Daar behoort begrip te wees vir hierdie toedrag van sake omdat dit 'n werklikheid is dat die Afrikaanse historikus meer geïsoleerd is van buitelandse akademiese invloede as sy Engelssprekende eweknie, wat sterk en deurlopende taal-, kultuur- en akademiese bande oorsee het.⁵⁰ Verder word Afrikaanse historici, soos reeds genoem, nie meer in so 'n groot mate as in die verlede deur buitelandse studie verryk nie. 'n Opname wat die afgelope twee maande by Afrikaanse en Engelstalige blanke universiteite in Suid-Afrika gemaak is, het byvoorbeeld aangetoon dat geen huidige dosent in 'n departement Geskiedenis aan 'n Afrikaanse universiteit sy hoofkwalifikasies in die buiteland verwerf het nie, teenoor die 17 van slegs twee van die Engelse universiteite. Geeneen van die dosente aan die vyf Afrikaanse universiteite wat op die vraelys geantwoord het, het gedurende die afgelope vyf jaar artikels in erkende oorsese vaktydskrifte gepubliseer nie, teenoor 22 deur die genoemde twee Engelse universiteite. Die posisie is ook ongunstig vir die Afrikaanse universiteite wat betref die aanstelling van buitelandse dosente en die aanbied van kursusse deur buitelandse dosente in hul departement, asook kursusse wat deur Afrikaanse historici aan buitelandse universiteite gedoseer is.⁵¹

Hierdie gegewens versterk die besef dat die uitdagings waarvoor dié Afrikaanse historikus te staan kom, inderdaad formidabel is. Daarom is doelgerigte en praktiese beplanning op die lang termyn nodig om nuwe kanale te skep waardeur die Afrikaanse historikus op hoogte sal kom en bly met nuwe tendense in die internasionale historiografie en dat dit ook prakties neerslag sal vind in sy navorsing, publikasies en doseerwerk. In hierdie verband lyk dit sinvol om opvolgsgesprekings geskoei op die RAU-eilandberaad van 1982 tussen Afrikaanse historici en historici met ander standpunte en werkswyse op 'n gereelde grondslag in te stel.

Afrikaanse historici sal doelbewus pogings moet aanwend om meer gereeld en op 'n indringende wyse met buitelandse historici te skakel en kursusse en konferensies oor die nuutste ontwikkelinge in hul vakgebied in die buiteland by te woon. Hulle sal meer dinamies moet optree om op hoogte te kom met nuwe buitelandse publikasies en om hul eie

47. J.T. du Bruyn: F.A. van Jaarsveld — en 'n nuwe Afrikaanse geskiedskrywing? (*Kleio* XVI, 1984), pp. 66–72; B.A. le Cordeur: *op. cit.*, pp. 2–3; A. Odendaal: *op. cit.*, p. 122; B.J. Liebenberg: Omstrede Suid-Afrikaanse Verlede (*Kleio* XVII, 1985), p. 106; A.M. Grundlingh: George Orwell's Nineteen Eighty Four: some reflections on the relevance to the study of history in South Africa (*Kleio* XVI, 1984, pp. 25, 28.

48. Geskiedenisvakindaba, RAU-eiland, 1–3 Oktober 1982.

49. H.J. van Aswegen: SA historici sal moet aanpas by nuwe stroom (*Rapport*, 30.01.1983); H.J. van Aswegen: Besprekingsartikel van Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis (*Kleio* XIV, 1982), pp. 92–93.

50. F.A. van Jaarsveld: *Moderne Geskiedskrywing*, p. 115.

51. Opname by Afrikaanse en Engelstalige blanke universiteite, Februarie/Maart 1987.

publikasies aan internasionale skrutinerings bloot te stel. Volgens Coolhaas word Nederlandse publikasies ten spyte van die taalprobleem wyd in buitelandse tydskrifte geresenseer en kan dieselfde ook met Afrikaanse werke gebeur.⁵² Verder sal 'n werkprogram opgestel moet word om publikasies vir voorlegging aan buitelandse tydskrifte voor te berei. Die moontlikheid moet ook ontgin word om, soos wat in enkele gevalle reeds gebeur het, met bekende Engelssprekende en buitelandse historici saam te werk in projekte en met die voorbereiding van publikasies.⁵³

Ook op die kort termyn moet handelend opgetree word. Dit lyk byvoorbeeld wenslik om so gou moontlik kundige insette van buite ten opsigte van sleutelkursusse vir gevorderde studente te beding. Voorts, dat ernstige oorweging geskenk word aan die skepping van sentrums binne die departemente wat 'n deeglike opname sal maak van tersaaklike literatuur, boekbesprekings, en so meer, sodat senior studente en dosente deurlopend daarmee in aanraking gebring kan word. Die sogenaamde werkswinkelkonsep kan moontlik hiermee gekombineer word. Voorgaande kursusse moet verder so beplan word dat die groot klem wat tans op politieke geskiedenis val, reggestel word deur ook ander aspekte 'n regmatige aandeel te gee.

Dit beteken beslis nie dat die Afrikaanse historikus slaafs alles wat nuut uit die buiteland kom, moet omhels, of die selfstandige karakter van die geskiedeniswetenskap moet inboet nie. Dit bly egter 'n kernwaarheid dat dialoog en debat helderheid en herformulering van doelstellings en beginsels meebring. Daarom is dit noodsaaklik dat die Afrikaanse historikus voortdurend op hoogte sal bly met die nuutste tendense in die historiografie om daarmee in gesprek te kan tree. Daarsonder sal hy in 'n groef van selftevredenheid beland wat tot sy ondergang sal lei.⁵⁴

Ten slotte kom ons by die punt van kritiek dat Afrikaanse geskiedskrywing te blank-sentries is. Coolhaas het in 'n resensie van 1971 beklemtoon dat alle bevolkingsgroepe op 'n regverdige wyse by die geskiedenisverhaal betrek moet word. Volgens hom het die gekleurdes dikwels in Argiefjaarboeke ter sprake gekom, maar dan nie in eie reg as integrale deel van die historiese uiteensettings nie. As daar in dié opsig aanspraak gemaak wil word dat reg geskied, sal historici volgens Coolhaas, beter onderlê moet wees in kulturele en sosiale antropologie.⁵⁵ Agt jaar later, met sy resensering van die Argiefjaarboeke van 1970–1976, het hy weer eens benadruk dat te min aandag gegee is aan gekleurdes se reaksie op byvoorbeeld owerheidsmaatreëls.⁵⁶ Intussen het prof F.A. van Jaarsveld se *Van Riebeeck tot Verwoerd, 1652–1966* in 1971 verskyn. Volgens Coolhaas is die gekleurdes in hierdie boek wel meer op 'n geïntegreerde wyse by die Suid-Afrikaanse geskiedenis betrek, maar was hul aandeel nog steeds onderbeklemtoon. Hy was ook van mening dat Van Jaarsveld geneig is om regeringsbeleid ten opsigte van die bevolkingsvraagstuk te regverdig.⁵⁷ In 1986 het Schutte met sy resensering van die Argiefjaarboeke van 1981 tot 1984

52. W.P. Coolhaas: De Geschiedbeoefening in Zuid-Afrika (*Zuid-Afrika*, Volume 48, No 1, Januarie 1971), pp. 10–11.

53. Vergelyk byvoorbeeld H.B. Giliomee se bydraë in H. Giliomee en R. Elphick (reds): *'n Samelewing in Wording: Suid-Afrika 1652–1820*, (Kaapstad, 1982) (Oorspronklik in Engels uitgegee onder die titel *The Shaping of South African Society 1652–1820*, (Cape Town/London, 1979).

54. G.R. Elton: *The Practice of History*, (Glasgow, 1982), p. 19; A. Marwick: *The Nature of History*, pp. 240–242.

55. W.P. Coolhaas: De Geschiedbeoefening in Zuid-Afrika (*Zuid-Afrika*, Volume 48, Nos. 1 en 2, Januarie 1971), p. 11 en Februarie 1971, p. 32).

56. W.P. Coolhaas: Bijdragen in recente Argiefjaarboeken (*Zuid-Afrika*, Volume 56, No 9, September 1979), pp. 124–125.

57. W.P. Coolhaas: De Oxford History (II) en een boek van Van Jaarsveld (*Zuid-Afrika*, Volume 49, No 1, Januarie 1971), p. 11.

tog 'n positiewe ontwikkeling opgemerk. Volgens sy waarneming is mense- en rasseverhoudinge toe meer algemeen bestudeer en is daar groter klem op die opvattinge en optrede van die gekleurdes laat val. Standpunte en optrede deur blanke persone en instansies is ook meer krities beoordeel as vroeër.⁵⁸

Hierdie waarnemings van Schutte is egter nie van toepassing op die tweede en derde uitgawes van *Vyfhonderd Jaar* wat in onderskeidelik 1975 en 1980 verskyn het nie. Prof T.R.H. Davenport het trouens in 'n besprekingsartikel van die derde uitgawe van *Vyfhonderd Jaar* sy verbasing uitgespreek dat die geleentheid nie benut is om grondige veranderinge aan te bring nie — veral in die lig daarvan dat, soos hy dit gestel het "... the South African historical sea has become very much more turbulent than it was ..." Hy het egter wel toegegee dat praktiese oorwegings dit moontlik verhinder het, maar het die skrywers van *Vyfhonderd Jaar* dit kwalik geneem dat hulle steeds dieselfde blanksentriese uitgangspunt as met die eerste uitgawe gehad het en dat hulle steeds nie die geskiedenis van die inheemse bevolkingsgroepe in 'n groter mate wou betrek nie omdat betroubare gegewens daarvoor gebrekkig sou wees. Hierdie leemte staan volgens hom verder uit omdat die boek aangebied word as 'n geskiedeniswerk van Suid-Afrika. Die weglating van die oorspronklike etnografiese bylae het in hierdie lig die werk eerder verswak as versterk.⁵⁹

Prof H.J. van Aswegen het in sy besprekingsartikel van 1982 oor dieselfde uitgawe van die boek laat blyk dat daar tog nuwe denke oor hierdie aangeleentheid ook in die geleedere van Afrikaanse historici is. Hy het die volgende belangrike uitspraak hieroor gemaak: "Om vandag 'n 'volledige' kennis te hê van die Suid-Afrikaanse geskiedenis moet beide die geskiedenis van Blank en Swart bestudeer word. Dit is akademies onregverdigbaar om geskiedenisstudente die wêreld in te stuur sonder 'n kennis van die Swartes in Suid-Afrika ... Dit is in lig van die huidige stand van navorsing en kennis oor die geskiedenis van die Swartes onverskoonbaar om op grond van argumente soos 'n 'gebrek aan bronne' of te min 'kontroleerbare feitemateriaal, op skriftelike stukke gegrond' (verwysende na die Swartes se geskiedenis) dié geskiedenis nie in leerplanne op te neem en in voorgeskrewe werke te inkorporeer nie. Daar sal sekerlik verskil van mening wees oor hoe sterk Swart geskiedenis in so 'n werk moet figureer. Die punt is egter dat dit nie geignoreer kan word nie. In dié opsig skiet *Vyfhonderd Jaar* dus ernstig tekort ... Die terrein is ... wawyd oop en veral in die Afrikaanse taal is 'n boek wat die tekortkoming uitkakel dringend nodig."⁶⁰ Uit enkele ander resensies is dit egter duidelik dat nie alle Afrikaanse historici in hierdie stadium dieselfde gevoeligheid oor hierdie aangeleentheid as Van Aswegen geopenbaar het nie.⁶¹

Van Aswegen het dus ten opsigte van hierdie aangeleentheid 'n belangrike uitdaging aan die Afrikaanse historikus gerig, naamlik om 'n algemene geskiedenis van Suid-Afrika tot stand te bring waarin beide aan blank en nie-blank sy regmatige aandeel gegee sal word. Oor die moontlikheid om 'n algemene geskiedenis van Suid-Afrika te skryf wat vir alle kultuurgroepe aanvaarbaar sal wees, het twee prominente Suid-Afrikaanse historici, professore F.A. van Jaarsveld en B.J. Liebenberg, teenstrydige menings. Van Jaarsveld se standpunt is: "'n Algemene geskiedenis van Suid-Afrika is moontlik, maar sal nooit vir al sy inwoners aanvaarbaar wees nie ... Solank daar kultuurgroepe in Suid-Afrika bestaan, solank sal daar verskil in vertolking van die verlede wees, en sal algemene geskiednisse

58. G.J. Schutte: De Academische Geschiedbeoefening in Zuid-Afrika ... (*Zuid-Afrika*, Volume 63, No 3, Maart 1986), pp. 42—43.

59. T.R.H. Davenport: Review Article — 500 Years ... (*Kleio* XIV, 1982), pp. 93—95).

60. H.J. van Aswegen: Besprekingsartikel van *Vyfhonderd Jaar* ... (*Kleio* XIV, 1982), p. 92.

61. J.C.H. Grobler: Boekbespreking van *Vyfhonderd Jaar* ... (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, November 1982), pp. 120—122; P.H., Kapp: SA geskiedenis oor 500 jr. (*Beeld*, 23.03.1981); M.C.E. van Schoor: Werk gesuiwer, dog sintese kort (*Volksblad*, 03.01.1981).

derhalwe van mekaar verskil en vir 'n sekere groep of groepe tydelik aanvaarbaar wees, maar nooit vir altyd of vir almal tegelyk nie."⁶² Liebenberg het hierteenoor die volgende mening uitgespreek: "Prof. Van Jaarsveld se afstanddoening van die ideaal om 'n algemene geskiedenis van Suid-Afrika te hê wat vir almal aanvaarbaar sal wees en sy berusting in 'n toestand waar elke kultuurgroep sy eie algemene geskiedenis van Suid-Afrika het, is 'n houding wat nie vir die geskiedeniswetenskap bevorderlik kan wees nie. Dit sal groter subjektiwiteit, groter relativisme en groter polarisasie in ons geskiedskrywing bring." En verder: "Ons moet wegkom van die gedagte dat ons geskiedenis vir bepaalde kultuurgroepe skryf. Ons moet, wanneer ons geskiedenis skryf vergeet dat ons lede van 'n bepaalde kultuurgroep is. Dit gaan nie om die belange van 'n kultuurgroep nie, dit gaan om billikheid teenoor alle kultuurgroepe. Wanneer ons billik teenoor alle kultuurgroepe is, hoort ons 'n algemene geskiedenis van Suid-Afrika te kry wat vir alle inwoners van hierdie land aanvaarbaar sal wees."⁶³

Ten spyte van die beklemtoningsverskil tussen Liebenberg en Van Jaarsveld kan aanvaar word dat albei van hulle ten gunste daarvan is dat gestrewe moet word na 'n algemene geskiedenis van Suid-Afrika wat so ver moontlik regverdig sal wees teenoor alle bevolkingsgroepe. Van Jaarsveld kritiseer immers *Vyfhonderd Jaar* as 'n "eensydige boek wat die verlede van Suid-Afrika in die belang van die blankes vertolk" en beskryf sy eie boek *Van Van Riebeeck tot Verwoerd* as 'n poging "om reg aan alle bevolkingsgroepe wat die land bewoon, te laat geskied."⁶⁴

Hiermee wil natuurlik nie die reg van die Afrikaanse historikus ontnem word om ook temas en onderwerpe te kies en daarvoor te skryf wat spesifiek vir sy kultuurgroep van belang is nie. Selfs ook nie dat hy, soos in die geval van *Vyfhonderd Jaar*, die Suid-Afrikaanse geskiedenis uit 'n bepaalde hoek benader nie — dit is trouens deur die kritici van dié werk toegegee en selfs beklemtoon.⁶⁵ Die Afrikaanse historikus moet hom egter ook verantwoord ten opsigte van die uitdagings en eise van algemene werke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis in ons tyd. As dit as uitgangspunt geneem word, dan moet hy in ag neem dat geïntegreerde algemene werke oor die geskiedenis van Suid-Afrika 'n werklikheid geword het. Hy het nou voor 'n keuse te staan gekom: òf hy weerhou hom daarvan en oefen geen invloed uit nie òf hy lewer met sy perspektief en insig 'n inset om die finale produk meer verteenwoordigend en ewewigtig te maak. Dieselfde argument geld ook ten opsigte van monografieë oor die geskiedenis van gekleurdes in Suid-Afrika. Die standpunt wat in die vroeë jare sewentig uitgespreek is dat dit nie vir die blanke moontlik is om die Bantoesprekende se siening van die geskiedenis duidelik uit te beeld nie, dat laasgenoemde dit self moet doen, en dat dit in die toekoms so sal gebeur, is in beginsel korrek en waar.⁶⁶ Nogtans hou hierdie uitspraak nie rekening met die praktyk wat sedertdien ontstaan het nie, naamlik dat talle monografieë oor aspekte van die nie-blanke geskiedenis deur veral jong Engelssprekende blanke historici voortgebring is nie.⁶⁷ Die Afrikaanse his-

62. F.A. van Jaarsveld: *Omstrede Suid-Afrikaanse Verlede*, p. 203.

63. B.J. Liebenberg: *Omstrede Suid-Afrikaanse Verlede (Kleio XVII, 1985)*, pp. 112—113; Vergelyk ook H.B. Giliomee: *The Case for a Pluralist South African School History* (Paper presented at the Conference of the Society for the Training of History Teachers, 01.10.1986.)

64. F.A. van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse Verlede*, p. 195.

65. S. Marks: *op. cit.*, p. 435; H.J. van Aswegen: Besprekingsartikel van *Vyfhonderd Jaar ... (Kleio XIV, 1982)*, pp. 89—90.

66. M.C. van Zyl: *Bantoe moet geskiedenis vertolk (Hoostad, 17.06.1971)*.

67. J.T. du Bruyn: *The "Forgotten Factor" sixteen years later: some trends in historical writing on precolonial South African (Kleio XIV, 1984)*, pp. 38—39, 42—43; P. Maylam: *A History of the African People of South Africa from the Early Iron Age to the 1970's*, (London, 1985).

torikus het weer eens die keuse om op die kantlyn in irrelevansie te verval of om 'n positiewe bydrae te lewer.

Dit is bekend dat beide professore Van Aswegen en Liebenberg op die oomblik betrokke is by die skryf van algemene werke oor die geskiedenis van Suid-Afrika — onderskeidelik oor die vroeë Suid-Afrikaanse geskiedenis tot die 19de eeu en oor 20ste eeuse geskiedenis. Uit hoofde van hul voorgenoemde standpunte word met gretigheid uitgesien na die verskyning van hierdie werke.

Hierdie uitdaging moet aanvaar word. As eerste stap kan die bestudering van verhoudinge tussen blank en swart as 'n prioriteitsnavorsingsterrein gestel word. Leerplanne kan ook so aangepas word dat dit rekening sal hou met hierdie belangrike aangeleentheid. Ons kan nie toelaat dat studente in geskiedenis afstudeer sonder dat hulle nie ook deeglik onderrig is in die geskiedenis van gekleurde Suid-Afrikaners en hul bepaalde rol in die geskiedenis van ons land nie. Hierdie studente sal per slot van rekening weer binnekort skoliere hierin moet onderrig. Party sal waarskynlik aanstellings by nie-blanke skole kry, waar hierdie onderrig en kennis onontbeerlik sal wees.

Gevolgtrekking

Die Afrikaanse historikus het beslis 'n belangrike bydrae te lewer tot die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Trouens, die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing sal onvolledig en baie armer daarsonder wees. Dit het egter noodsaaklik geword dat die Afrikaanse historikus net soos, byvoorbeeld, sy Duitse eweknie na die Tweede Wêreldoorlog, maar veral sedert die jare sestig, nie net kennis sal neem van vernuwing in die geskiedeniswetenskap nie, maar dit ook prakties sal toepas. Om hierdie deurbraak te bewerkstellig en ook gehoor te gee aan die vraagstelling van ons tyd in ons plurale samelewing het 'n groot uitdaging geword vir elke Afrikaanse historikus. Harde werk lê dus voor vir die Afrikaanse historici, maar daar is reeds aanduidinge dat hulle besig is om positief op die uitdaging te reageer.